Familie Tuisblad

21 Januarie 2024

1 Begin hier

Ken jy daardie gevoel dat dit soms net beter is om nuut te begin met iets? Soos met ‘n rekenaarspeletjie wanneer jy ‘n klomp foute gemaak het, jou karakter se lewens opgeraak het en jy nie meer die nodige goed kan bymekaar maak om verder te kan gaan nie.
Of wanneer jy iets wil teken, maar jy moes al so baie uitvee dat die papier begin vuil word het of selfs al skeur.
Of wanneer jy iets moet skryf en jy so baie spelfoute moes regmaak of sinne verander dat dit net sin sal maak as jy dit oorskryf.

Julle onthou seker die storie van Jona. Hy is bekend omdat hy vir drie dae binne-in ‘n vis oorleef het. Kan julle onthou wat God van hom gevra het voordat hy in die vis beland het?

Jona moes na Nineve toe gaan om vir die mense van die stad te vertel dat die manier hoe hulle lewe, gaan veroorsaak dat hulle vernietig word. Maak nie saak wat sou gebeur nie, hulle sou nuut moes begin.

2 Lees

Jona 3:1-5; 10

3 Gesels

- Verbeel jou dat jy een van Nineve se inwoners is. Hoe sou jy gevoel het as jy hierdie vreemde man se boodskap gehoor het dat God jou stad gaan verwoes omdat julle baie verkeerde dinge doen?
- Die mense van Nineve het oor begin deur te vas. Vas is wanneer ons alledaagse dinge, soos kos, eenkant toe skuif om te bid – sodat hulle by God kon hoor wat hulle moet verander. Ek wonder watter alledaagse dinge julle vir ‘n rukkie eenkant toe sou skuif as julle in Nineve gebly het?
- Kan jy dink aan ‘n paar gewoontes of gebeure van verlede jaar wat jy nie graag hierdie jaar wil herhaal nie? Waarmee wil jy nuut begin hierdie jaar?

4 Bid

Laat elkeen iets sê waarmee julle oor wil begin en vra God om julle daarmee te help.

5 Doen

Skryf op ‘n groot papier elkeen se nuut-begin-ding. Aan die einde van elke dag kan julle vir mekaar vra of julle dit reg gekry het.
As jy dit vandag reg gekry het, maak ‘n pyltjie wat opwaarts wys.
As jy dit nie reg gekry het nie, maak ‘n pyltjie wat afwaarts wys.